
NKOSI SIKELE ▲ A'HOSI KATEKISA ▲ AFRIKA ▲ GOD SEËN AFRIKA ▲ KHOTSI SHUDUFHADZA AFRIKA ▲ GOD BLESS AFRICA ▲ MORENA BOLOKA SECHABA SA HESO



*My mede Suid-Afrikaners - die mense van Suid-Afrika.*

*Dié is heuglike oomblik. Hoewel dit nog die finaal is nie, het ons die voorlopige verkiesingsuitslae ontvang en is ons verheug oor die oorweldigende ondersteuning vir die African National Congress.*

*Aan al daardie mense in die African National Congress en in die demokratiese beweging wat so hard die afgelope paar dae en oor die talle dekades heen gewerk het: ek dank en eer julle.*

*Aan die mense van Suid-Afrika en die wêreld wat vanaand kyk: dié is 'n heuglike aand vir die menslike gees. Dié is ook julle oorwinning. Julle het gehelp om apartheid te beëindig, julle het deur die oorgangstyd by ons gestaan.*

*Ek het saam met julle almal na tienduisende van ons mense gekyk wat geduldig in lang rye vir lang ure gestaan het. Sommige het op die oop grond oornag, wagtend om hierdie gewigtige stem uit te bring.*

*Suid-Afrika se helde is legendes oor generasies heen. Maar dis julle, die mense, wat ons ware helde is.*

*Hierdie is een van die mees belangrike oomblikke in ons land se geskiedenis. Ek staan hier met 'n diepe trots en vreugde:*

*- trots op die gewone, nederige mense van hierdie land. Julle het 'n kalm, geduldige vasbeslotenheid gewys om hierdie land as julle eie terug te eis.*

*- en vreugde dat ons uiteindelik luidkeels kan verklaar: ons is vry!*

*Ek staan voor julle as iemand wat nederig gemaak is deur julle durf, met 'n hart vol liefde vir julle almal. Ek beskou dit as die hoogste eer om die ANC op hierdie oomblik in ons geskiedenis te lei en dat ons gekies is om ons land in die nuwe eeu in te lei.*

*Ek belowe om al my krag en al my vaardigheid te gebruik om aan julle verwagtinge van my asook van die ANC te voldoen.*

*Ek moet persoonlik aan party van Suid-Afrika se grootste leiers my dank betuig en hulde aan hulle bring: John Dube, Josiah Gumede, GM Naicker, Dr Abduraman, Hoofman Luthuli, Lilian Ngoyi, Helen Joseph, Yusuf Dadoo, Moses Kotane, Chris Hani en Oliver Tambo. Hulle moes saam met ons gewees het om hierdie oomblik te vier: dié is ook hulle prestasie.*

*Môre sal die ganse ANC-leierskap en ek terug by ons lessenaars wees. Ons rol ons moue op om die probleme wat deur ons land in die gesig gestaar word, kort te vat. Ons vra julle almal om by ons aan te sluit - gaan môreoggend terug werk toe. Kom ons kry Suid-Afrika aan die werk.*

*Want ons moet, saam en sonder verwyl, begin om 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners te bou. Dit beteken werk moet geskep word, huise moet gebou word, onderwys moet verskaf word en vrede en veiligheid moet aan almal gegee word.*

*Die kalm en verdraagsame stemming tydens die verkiesing wys die soort Suid-Afrika wat ons kan bou. Dit wys die gees van die toekoms. Ons mag ons verskille hê, maar - in ons ryke verskeidenheid van kultuur, ras en tradisie - is ons een nasie met 'n gemeenskaplike bestemming.*

*Mense het vir die party van hul keuse gestem en ons eer dit. Dit is demokrasie.*

*Ek bied 'n hand van vriendskap aan al die leiers van alle partye en hulle lede en vra hulle almal om by ons aan te sluit om die probleme wat ons as 'n nasie in die gesig staar, kort te vat. 'n ANC-regering sal Suid-Afrika se mense dien - nie net ANC-lede nie.*

*Ons prys die veiligheidsmagte vir die deeglike werk wat gedoen is. Dit het 'n vaste fondament vir 'n ware professionele veiligheidsmag gelê wat tot die diens van die nasie en getrouheid aan die nuwe grondwet verbind is.*

*Nou is die tyd vir feesviering, vir Suid-Afrikaners om saam die geboorte van demokrasie te vier. Ek drink 'n heildronk op almal wat so hard gewerk het om iets te behaal wat slegs as 'n klein wonderwerk beskryf kan word. Laat ons feesvieringe geskied in die stemming van die verkiesing - vreedsaam, eerbiedig en gedissiplineerd - om te wys dat ons mense is wat gereed is om die verantwoordelikhede van 'n regering te aanvaar.*

*Ek belowe dat ek my bes sal doen om die geloof en vertroue te verdien wat julle in my en my organisasie, die African National Congress, het. Kom ons bou die toekoms saam en drink 'n heildronk op 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners.*

ANC

*Nelson Mandela*
*2 Mei 1994*

AM-C 207652